Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 4: *Vayera* (וירא) – En Hy Verskyn!

יהוה *het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre, terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.* Gen. 18:1 – PWL[1]

Torah : Gen. 18:1 tot 22:24

Haftorah: 2 Kon. 4:1 tot 37

Nuwe Verbond: Luk. 17:26 tot 37; Jak. 2:14 tot 24; 2 Pet. 2:4 tot 10

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 4 wat afgelaai kan word by: Parashah4Notas14, Parashah4Notas15 en by Parashah4Notas.16.

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

The heroes of faith in Hebrews 11 ... obeyed by faith ... obedience is the pathway to holiness ... no one will become holy apart from a life of faith. Faith enables us to claim the promises of God, but it also enables us to obey the commands of God – Jerry Bridges.

Ware geloof (vertroue) is vertroue in YHVH se genade vir die verlede, vertroue in Sy liefde vir die huidige en vertroue in Sy voorsiening vir die toekoms.

Keep in mind that when sin is viewed superficially, it is dealt with superficially – Erwin W. Lutzer.

[1]Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word. :

If we are growing holier, we are growing kinder – Andrew Bonar.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing (*Lech L'cha*) het ons geleer dat Abraham, net soos Noag, deur vertroue en gehoorsaamheid regverdig (*tzadeek*) verklaar was. Hy was deur vertroue in YHVH regverdig (opreg en onskuldig) verklaar, maar het deur gehoorsaamheid YHVH se seëninge deelagtig geword (Gen. 26:4 en 5). Daarom is Abraham die vader van ons vertroue tot geregtigheid.

Dan het ons ook gesien dat die verbond met Abraham sentraal is tot YHVH se plan om alles te herstel tot soos dit was voor die sondeval. Dit is die beginpunt van die nuwe verbond! Die verbond met Abraham bestaan uit 'n eedswering deur YHVH om Abraham en sy nageslag te seën (Gen. 12:2 en 3). Hierdie verbond, tesame met die bloedverbond (boek van die verbond) wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het (Gen. 19:5 tot 24:11) is die verbonde van die beloftes (Efes. 2:12).

En dan is daar die bloedverbond met Abraham waarvan ons in Genesis 15 lees. Met die sluit van hierdie verbond het 'n geesverukking Abraham oorval en hy het gesien dat die rokende oond en die vurige fakkel wat namens hom tussen die helfdes van die gesnyde diere geloop het, was Die Een in wie al die families van die aarde geseën sou word (Gen. 12:3), naamlik Yeshua Die Gesalfde Een! Yeshua was die verteenwoordiger van Abraham en sy nageslag wat uit Isak sou kom! Yeshua is Die Een wat die skuld sou moes betaal vir die verbreking van hierdie verbond en die verbreking van die boek van die verbond! En dit het alles gebeur! Yeshua het die skuldbrief uitgedelg en weggeruim deur dit aan die folterpaal vas te nael (Kol. 2:14).

YHVH het dus Sy verbonde van die beloftes in Yeshua vervul (volbring) en 'n nuwe verbond met beter beloftes met die huis van Juda en die huis van Israel gesluit (Heb. 8:6 en 8).

Abraham Ons Voorbeeld

Die sentrale tema in hierdie week Torahskriflesing en die Haftorah handel oor vertroue, gehoorsaamheid en die bereidwilligheid om te dien en nie om gedien te word nie. Daarom word die Torahskriflesing en die Haftorah saam gelees weens die soortgelyke hoedanighede van ons vader Abraham en die profeet Elisa. Die uitstaande hoedanighede van beide was hulle gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, hulle vertroue in YHVH as hul Voorsiener, asook beide se bereidwilligheid om hul medemens te dien.

Dit herinner ons aan Yeshua se woorde toe Hy gesê het:

26*maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees* **27***en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;* **28***net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as 'n Losprys vir baie te gee.* Matt. 20:26 tot 28.

Verder is beide die Parashah en die Haftorah die geskiedenis van die bonatuurlike geboorte van 'n seun en van beide die seuns se doodservaring. Daarom is hierdie week se Skriflesings 'n les in vertroue in die wonderwerkende krag van YHVH.

Ons Vader Abraham is ons voorbeeld van ‘n lewe van onwankelbare vertroue in Vader-God se beloftes te midde van teleurstellings en beproewinge.

Abraham se eerste toets van vertroue en gehoorsaamheid was toe YHVH hom geroep het en opdrag gegee het om uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) te trek na die land wat YHVH hom sou wys (Gen. 12:1). Maar Abraham se grootste toets van vertroue en gehoorsaamheid het vele jare later gekom toe YHVH vir hom gesê het:

1*Ná hierdie dinge het God Avraham getoets en vir hom gesê: “Avraham!” Hy antwoord: “Hier is ek!”* **2***Hy sê: “Neem nou jou seun, jou uniek enigste wat jy liefhet, Yitz’gak en gaan na die land Moriyah en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal uitwys.”* Gen. 22:1 en 2.

Abraham het beide Isak en Ismael liefgehad en daarom was die toets nie of Abraham bereid was om een van sy twee seuns te offer nie! Nee, die ware toets was of Abraham genoegsame vertroue in die beloftes van God gehad het, want Isak was die seun volgens die belofte van die nageslag in wie al die volke geseën sal word.

Abraham het nie ‘beswaar gemaak’ teen YHVH se opdrag nie, maar hy het die môre vroeg na Moria vertrek om YHVH se opdrag uit te voer (Gen. 22:3). Hy was bereid om nie net sy seun te offer nie, maar ook die belofte van YHVH, die gewer en waarmaker van die belofte, aan YHVH by wyse van ‘n offer as te ware terug te gee. Dit is die hoogste vorm van vertroue en gehoorsaamheid en die skrywer van die brief aan die Hebreërs gee vir ons die antwoord hoekom Abraham bereid was om dit te doen:

17 *Deur vertroue het Avraham, toe hy getoets is, Yitz’gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het,* **18** *aan wie gesê is: “In Yitz’gak sal jou nageslag genoem word.”* **19** *Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om ’n vergelyking te maak, terug ontvang het.* Heb. 11:17 tot 19.

Eerstens het Abraham soveel vertroue in YHVH gehad dat hy sonder enige huiwering gehoorsaam was. Abraham het onvoorwaardelik geglo dat YHVH nie sal of kan lieg nie (Heb. 6:13 tot 18). Abraham was seker van dit wat hy gehoop het en oortuig gewees van dit wat hy nie gesien het nie (Heb. 11:1). Daarom het Abraham geglo dat YHVH Sy belofte gestand sal doen, al moet Hy Isak uit die dood uit opwek. Hy het ook geweet dat sonder geloof (vertroue) is dit onmoontlik om YHVH te behaag (Heb. 11:6).

Tweedens was Abraham se geloof toekomsgerig. Hy het ‘n verwagting gehad dat sy nageslag ‘n permanente woonplek sal hê waar YHVH aanbid en gedien kan word. Abraham het ‘n hemelse verwagting gehad (Heb. 11:10). Hy het die koms van Yeshua, die Lam van God, gesien (Joh. 8:56)!

Abraham se vertroue en gehoorsaamheid is deur sy werke (dade) bevestig. Die Apostel Jakobus beskryf dit soos volg:

21 *Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz’gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?* **22** *Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?* **23** *Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is ’n vriend van God genoem.”* **24** *Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die ‘geloof ’ nie?* Jak. 2:21 tot 24.

Vertroue in YHVH moet gepaardgaan met gehoorsaamheid en gehoorsaamheid is die werke wat die bevestiging van vertroue is! Abraham is ons voorbeeld van geloof wat werk, naamlik geloof wat met die werke van geloof gepaardgaan.Vertroue sonder werke is nutteloos!

Net soos die liggaam sonder gees dood is, net so is ook die 'geloof ' sonder dade dood. Jak. 2:26.

Bepeins of Bespreek

1. Kort na Abraham se aankoms in die Beloofde Land volgens YHVH se belofte (Gen.12:1, 5 en 6) was daar 'n hongersnood en moes Abraham na Egipte trek (Gen. 12:10). Het Abraham nie rede gehad om moedeloos te word en te twyfel aan YHVH se beloftes nie en om te twyfel of hy reg gehoor het? Hoe het Abraham dit reg gekry om sy vertroue in YHVH se beloftes te behou? Is die antwoord nie te vinde in die feit dat ons nie 'n tydbeperking op die vervulling van YHVH se beloftes kan plaas nie? Word YHVH se beloftes deur vertroue en geduld ontvang? Is ons nie geneig om, soos Sarah, die Vader "te wil help" dat Sy beloftes waar word nie?

Yeshua Het Gekom Om Die Wet Volledig Uit Te Lê

Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê, want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan voordat dit alles klaar gebeur het nie.' Matt. 5:17 en 18.

Wanneer hierdie Skrifgedeelte gelees word, dink die meeste daar word verwys na die wet van Moses, naamlik die Torah van Moses. Maar soos ons in Torahskriflesing 1 (*B'reisheet*) bespreek het, het YHVH se Torah reeds vanaf die tuin van Eden bestaan en is dit meer as net die Torah van die eerste vyf boeke van die Skrifte. YHVH se Torah is al die Vader se instruksies, onderrig en wysheid vanaf Genesis tot Openbaring.

Die vraag is nou: Waarna het Yeshua verwys toe hy hierdie woorde in Matt. 5:17 en 18 gespreek het? Was dit slegs met verwysing na die Torah van Moses of was dit na YHVH se totale Torah? Hieroor kan gedebateer word, hoewel die meerderheid siening is dat dit slegs na die Torah van Moses verwys.

Almal is eenstemmig dat Yeshua nie gekom het om YHVH se Torah, algemeen bekend as die wet, te ontrafel (te ontbind) nie, maar om dit volledig uit te lê (te vervul)(Matt. 5:17). Maar die belangrike is dit wat Yeshua in vers 18 gesê het, naamlik:

want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan ***voordat dit alles klaar gebeur het nie.***

Let wel: Geen 'yud' of 'strepie' van die Torah sal verbygaan **voordat dit alles gebeur het nie**!! Dit beteken dat niks sal verbygaan (ontrafel; ontbind) nie totdat alles klaar gebeur het soos YHVH in Sy Torah beveel het!! Nou is die vraag: Het sekere dinge volgens die Torah van YHVH reeds gebeur? Die antwoord is 'n besliste "ja"!

So het die Torah van YHVH volgens die belofte in Gen. 3:15 reeds gebeur:

Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt."

Yeshua, die Saad wat uit die vrou sou kom, is gebore en het Satan oorwin! Dit het presies gebeur volgens YHVH se woord!

En volgens die Torah van Moses het Silo, en die profeet van wie Moses gepraat het, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een, reeds gekom – dit het gebeur (Gen. 49:10 en Deut. 18:15 tot 18)! Volgens die Torah van die nuwe verbond is die priesterode van Melgisedek met Yeshua as Ewige Hoofpriester weer ingestel – dit het gebeur (Heb. 7:11 tot 22; 1 Pet. 2:9 en 10)! En so ook volgens die Torah van die nuwe verbond is die Torah van Moses met betrekking tot die tempel, priesterorde en offerandes vervul – volledig uitgelê en volbring (Heb. 10:11 en 12). Dit het alles gebeur volgens YHVH se Torah en Raadsplan!

Alles wat in die Torah en die profete geskryf staan sal dus presies so gebeur – elke 'yud' en elke strepie! Niks daarvan sal ontbind (vernietig of ontrafel) word nie. Sommige het reeds gebeur (is vervul) en ander is besig om te gebeur, terwyl daar dié is wat nog sal gebeur!

Kan jy sien dat YHVH se Torah is, soos die Engelse spreuk lui, " A work in progress"!! Dit is vir ons om te weet wat is YHVH se Torah van die nuwe verbond en om deur vertroue in Yeshua daarvolgens te lewe. Ons kan nie bekostig om stil te staan by die ou verbond en by die Torah van Moses nie!

Daarom moet ons verstaan dat YHVH se Torah hand-aan-hand gaan met die bepaalde verbond wat op daardie stadium van toepassing was of tans van toepassing is! Daar is dus 'n verskil in YHVH se Torah soos daar 'n verskil is tussen die verbonde. Met elke verbond het YHVH Sy Torah "aangepas" en meer duidelik gemaak.

Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg:

> "Is dit moontlik dat die Torah kan verander – dit is dan ewig? Die beginsel en wese van die wet kan nie verander nie, en moet gedoen word. Alles, vir altyd! Verandering in omgewing en omstandighede bring egter 'n verandering in die praktyk van die toepassing en die uitvoering van die wet. Byvoorbeeld: Voor Yeshua was dit gerig rondom die tempel – tog heenwysend geestelik en dus steeds goed. Na Yeshua het die klem geskuif na die geestelik verstaan, volheid in Hom en doen in hierdie geestelike begrip. Nou is ons liggaam die tempel en al die praktiese wette daarvan word in my volvoer en voltooi. Net soos Yeshua die offers is, wat in my gestalte kry, so ook baie ander".

19*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie,* ***20****want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.* 1 Kor. 6:19 en 20.

Ons is deur vertroue in Yeshua as die Messias die geregtigheid van YHVH-God en nou moet ons die geregtigheid van die nuwe verbond doen (Matt. 6:33), naamlik die Torah van Yeshua. Hierdie geregtigheid is 'n juk wat sag is en 'n las wat lig is (Matt. 11:30).

Maar onthou: Ongeag of dit die Torah is wat Abraham gevolg het, en of dit die Torah van Moses is en of dit die Torah van Yeshua van die nuwe verbond is, dit alles is die Torah van YHVH!!

Maar hoe word Matt. 5:19 en 20 verklaar waar Yeshua die volgende gesê het?

19 *Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat*

dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel, **20***want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!*

Eerstens is dit om die hele Torah van YHVH te leer en om ander dit ook te leer. Tweedens moet ons alle opdragte van die Torah wat op ons van toepassing is, gehoorsaam deur dit te doen. Ons moet YHVH se geregtigheid van die nuwe verbond doen.

Laastens moet ons ook daardie Torah van YHVH wat reeds gebeur het (vervul is) glo, want dan is dit asof ons dit ook gehoorsaam was. As voorbeeld die volgende: Omrede ons glo dat Yeshua die eenmalige offer was en ons geen verdere offers volgens die Levitiese orde hoef te bring nie (Heb. 10:10 tot 12), is dit so goed soos ons wat self die offers gebring het. Ons glo en verstaan die betekenis van hierdie offers en ons maak dit geestelik van toepassing op ons onder die genade van die nuwe verbond in Yeshua. Onthou: Ons het saam met Yeshua aan die folterpaal gesterf.

3 *Of weet julle nie dat díe van ons wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie?*
4 *Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef,*
5 *want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.*
6 *Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,*
7 *want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.*
Rom. 6:3 tot 7.

Die realiteit van daardie deel van YHVH se Torah ten opsigte van die fisiese offers wat reeds gebeur het, se doel en betekenis moet steeds geleer, geglo en geestelik toegepas word. Dieselfde beginsel geld vir ander dele van YHVH se totale Torah wat reeds gebeur het.

Dan moet ons ook vra: Wat is die betekenis van Yeshua se woorde in ver 19 toe Hy gesê het: ....*sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel*? Hierdie is 'n Aramese spreekwoord wat beteken dat daar nie plek sal wees nie – nie plek in die Koninkryk van God nie! Die hele Torah is dus steeds op ons van toepassing – sommige steeds fisies deur dit te doen en ander dele daarvan om dit geestelik toe te pas. Indien ons dit nie glo en dit nie fisies doen nie of dit nie geestelik toe pas nie, sal ons nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie.

Derhalwe beteken die woorde ....*maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel*, dat daar plek in die Koninkryk vir so 'n persoon sal wees. Dan sal ons onpartydige opregtheid (geregtigheid) meer wees as die van die Fariseërs.

Die slotsom is dat YHVH se Torah is ewig en sommige het reeds gebeur en ander sal nog gebeur. Ons moet dit alles glo, dit leer en dit doen – sommige fisies en ander geestelik! Dit is alles deel van YHVH se Raadsplan. Die Afgesonderde Gees is die een wat ons sal leer en ons herinner (Joh. 14:26) sodat ons deur vertroue die Torah van Yeshua kan volg!

YHVH ons God en Vader is nooit staties nie, maar voortdurend aan die beweeg om Sy plan van herstel te voltooi – uiteindelik 'n nuwe hemel en aarde met 'n nuwe tuin van Eden genaamd Jerusalem en inwoners wat weer geklee is met die geestelike kleed van geregtigheid soos die mens voor die sondeval. Dit is ons verantwoordelikheid om in vertroue en

gehoorsaamheid met YHVH tret te hou terwyl ons in die voetspore van Yeshua Die Gesalfde een stap!

Bepeins of Bespreek

1. Die Torah van Moses, naamlik die boek van die wet, was Israel se tugmeester tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25) om die skuldbrief te betaal (Kol. 2:14) vir die verbreking van die verbond met Abraham (Genesis 15) en van die boek van die verbond (Ex. 19: tot 24:11). Dan verduidelik Paulus in Gal. 4:1 tot 7 dat terwyl Israel onder hierdie tugmeester was, was hulle wel kind maar gelykstaande aan ‘n dienskneg met geen voorregte van volwasse erfgenaam nie. Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur om die wat onder die geskrewe wet (die Torah van Moses; boek van die wet) was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang. Deur vertroue in Yeshua is ons nie meer gelykstaande aan diensknegte onder ‘n tugmeester nie, maar volwasse kinders erfgename van die Vader. Rabbynse Judaïsme hou steeds vas aan die Torah van Moses en dus is hulle soos kinders en gelykstaande aan diensknegte. Hulle het nie volwasse status by YHVH-God nie!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

Deel 3: Die Septuagint en die Masoretiese Teks

Hersiening Deel 2.

In Deel 2 is die verskil tussen die Torah en die Talmud bespreek, omrede die meerderheid in die Christendom nie weet wat die verskil is nie en omrede baie selfs ook nie weet wat die Torah van YHVH is nie! Hierdie definisies van Torah en Talmud, en die verskille tussen die twee, is van kardinale belang veral wanneer diegene wat terugkeer om die Shabbat en YHVH se Feestye te onderhou, beskuldig word dat hulle “Jode wil word”.

Wanneer die verskil tussen Torah en Talmud verstaan word, word dit duidelik dat ortotodokse Jode Talmud volg, maar dat gelowiges in Yeshua wat die Shabbat en Feestye hou die Talmud verwerp en as ‘n ernstige misleiding van Rabbynse Judaïsme beskou.

Alvorens ons egter in hierdie reeks voortgaan om meer te leer oor wat in die Talmud geskryf is, is dit eers nodig om ook te vertsaan wat is die verskil tussen die Septuagint en die Masoretiese vertaling van die Skrifte van die ou verbond. Die Masoretiese teks word dikwels, en met goeie rede, beskou as die “Joodse Bybel” en die gevaar wat dit inhou vir gelowiges wat Yeshua as Messias bely moet hiervan kennis neem.

Die Oorsprong van die Septuagint en die Masoretiese Teks

Gedurende die derde en tweede eeu voor Messias was daar ‘n groot aantal Jode wat in Alexandria in Egipte suksesvol gevestig was. Mettertyd het Grieks hulle spreektaal geword en daar het ‘n behoefte ontstaan vir ‘n Griekse vertaling van die Skrifte van die ou verbond. Hierdie ‘projek’ is deur die hoëpriester en Sanhedrin in Jerusalem goedgekeur en hierdie vertaling staan bekend as die Septuagint.

Die Septuagint (Latyns) se letterlike betekenis is sewentig, want dit was die Griekse vertaling van die Skrifte van die ou verbond (Tanakh) deur sewentig Rabbis gedurende die laat derde en vroeë tweede eeu voor Messias. Daar word ook na die Septuagint verwys as LXX (Die Grieks vir die getal 70).

Die Hebreeuse Skrifte van die ou verbond wat vandag deur Jode gebruik word, is bekend as die Masoretiese teks (vertaling) en is die gesaghebbende Hebreeuse teks van die Tanakh (ou verbond) soos deur ‘n groep Jode bekend as die Masorete vertaal, saamgestel en versprei was gedurende die agste tot tiende eeu na Messias. Daarom staan die Masorete vertaling bekend as die “Joodse Bybel”. Hierdie vertaling en keuse van die boeke van die Tanakh was nie met die goedkeuring van die hoëpriester of Sanhedrin in Jerusalem nie, want beide hierdie gesagsowerhede het toe nie bestaan nie.

Die Septuagint is dus bykans een duisend jaar ouer as die Masoretiese teks! Daar is verskille tussen die Masoretiese teks en die Septuagint, nie net wat die aantal boeke wat deel is van die Skrifte van die ou verbond nie, maar spesifiek ook vertalings verskille. Die vraag is dus watter een van die twee is die mees getroue vertaling van die oorspronklike Skrifte? Hieroor word daar tot vandag gedebateer, maar die meerderheid siening is dat die Septuagint meer betroubaar is.

Daar is verskeie redes hiervoor, waarvan die belangrikste is dat sekere verskille tussen die Septuagint en Masoretiese teks sterk daarop dui dat laasgenoemde met ‘n teologiese bril vertaal en saamgestel is, want ons moet onthou dat hierdie vertaling gedoen is deur Jode wat Yeshua as Messias verwerp het. Daarom bevat die Masoretiese teks sekere veranderinge in profesie en doktriene, terwyl seker boeke, soos die Wysheid van Salomo, weggelaat is.

Joseph Gleason bespreek in ‘n artikel[2] vyf redes hoekom die Masoretiese teks van die oorspronklike Skrifte van die ou verbond verskil, naamlik:

1. Die Massorete erken dat hulle vanaf ‘n reeds veranderde teks gewerk het. In die verband skryf Joseph Gleason die volgende:

   “Early rabbinic sources, from around 200 CE, mention several passages of Scripture in which the conclusion is inevitable that the ancient reading must have differed from that of the present text.... Rabbi Simon ben Pazzi (3rd century) calls these readings “emendations of the Scribes” (tikkune Soferim; Midrash Genesis Rabbah xlix. 7), assuming that the Scribes actually made the changes. This view was adopted by the later Midrash and by the majority of Masoretes. In other words, the Masorites themselves felt they had received a partly corrupted text”.

2. Die Masoretiese teks was geskryf in moderne Hebreeus wat se alfabet wesenlik verskil van die oorspronklike Paleo-Hebreeuse alfabet.

3. Die Masorete het klinkers in die woorde bygevoeg wat nie in die oorspronklike bestaan het nie.

4. Die Masorete het verskeie boeke wat in die oorspronklike Skrifte bestaan het, uitgelaat. Hierdie boeke staan bekend as die Deuterokanoniese boeke (*Deuterocanonical Books*) en beteken die boeke van die tweede kanon. Die meer bekende naam vir hierdie geskrifte is

[2] Masoretic Text Versus Original Hebrew; https://theorthodoxlife.wordpress.com/2012/03/12/masoretic-text-vs-original-hebrew/

die Apokriewe boeke en is die Grieks vir *dit wat weggesteek is*. Voorbeelde van hierdie boeke is: Judit, Tobit, Barug, Makkabeërs (boeke 1 tot 4), die Wysheid van Salomo en die wysheid van Ben Sirag. Die Rooms Katolieke, die Grieks Ortodokse Kerk en die Jode van Ethiopië is ondermeer die wat hierdie boeke as gelykwaardig in gesag beskou en deur YHVH geïnspireer!

5. Die Masoretiese teks bevat veranderinge ten opsigte van profesie, doktriene en weglatings. Een so 'n voorbeeld is Psalm 145 wat as 'n letterverspsalm (*acrostic poem*) geskryf is. Dit beteken dat elke teksvers begin met 'n letter van die Hebreeuse alfabet. Die teksverse is dus in alfabetiese volgorde geskryf en begin by die eerste letter *alef* en eindig by die laaste letter *tav*. Maar in die Masoretiese teks ontbreek die veertiende letter *nun*!! Hierdie letter, en dus teksvers, kom wel in die Septuagint, asook in die Qumran Skrifte, voor en lees soos volg: *Faithful is the Lord in His words, and devout in all His works*.

In die verband maak Joseph Gleason dan die volgende geldige punt:

> *"In this particular case, it is easy to demonstrate that the Masoretic Text is in error, for it is obvious that Psalm 145 was originally written as an acrostic Psalm. But what are we to make of the thousands of other locations where the Masoretic Text diverges from the Septuagint? If the Masoretic Text could completely erase an entire verse from one of the Psalms, how many other passages of Scripture have been edited? How many other verses have been erased?"*

Skrifverklaring

Saam met die doelbewuste verandering wat die Masorete aangebring het, is daar ook bewys van die verandering in die verklaring van sommige Skrifgedeeltes deur Rabbynse Judaïsme na Yeshua se eerste koms. Byvoorbeeld: Voor Yeshua se koms het Rabbynse Judaïsme Jesaja 53 verklaar as verwysend na 'n man. Vandag verklaar Rabbynse Judaïsme Jesaja 53 as verwysend na Israel. In 'n artikel[3] skryf Walid Shoebat:

> *Rabbi Jonathan ben Uzziel, a disciple of Hillel understood Messianism. Paul who met Jesus at the Road to Damascus was a pupil of Gamaliel the grandson of Hillel, who taught between 22-55 AD. Uzziel, Hillel's disciple understood Isaiah 53 as referring to ancient commentators which he understood differently than post Temple rabbis who switched the subject of Isaiah 53 to being about "Israel". Uzziel explains it completely as Christians today understand the Messiah:*
>
> *"Our ancient commentators with one accord noted that the context clearly speaks of God's Anointed One, the Messiah. The Aramaic translation of this chapter, ascribed to c.e., begins with the simple and worthy words:*
>
> *'Behold my servant Messiah shall prosper; he shall be high, and increase, and be exceeding strong: as the house of Israel looked to him through many days, because their countenance was darkened among the peoples, and their complexion beyond the sons of men (Targum Jonathan on Isaiah 53, ad locum).'"*

[3] BOMBSHELL: To Be Messianic Is To Be Catholic, Not Hebrew Roots. http://shoebat.com/2015/09/06/bombshell-to-be-messianic-is-to-be-catholic-not-hebrew-roots/

Die Wysheid van Salomo is een van die boeke wat die Masorete weggelaat het en ons kan wel die vraag vra of dit nie dalk ondermeer is weens die feit dat in hierdie boek word daar baie duidelik na Yeshua verwys? Die volgende as voorbeeld is opgeteken in die Wysheid van Salomo 2:12 tot 20[4]

Laat ons vir die regverdige man lê en wag, want hy is lastig en irriterend. Hy vind mos altyd fout met wat ons doen. Hy vryf dit onder ons neuse dat ons die wet oortree en beskuldig ons daarvan dat ons nie leef soos ons opgevoed is nie
Hy gee voor dat hy kennis van God het en hy noem homself 'n kind van die Here
Hy laat ons gedurig sleg voel oor wat ons dink
Om hom net te sien gee ons al 'n pyn. Sy manier van lewe is so anders as ander mense s'n; ja, so vreemd.
Hy sien ons as oneg en vals.Hy vermy ons manier van lewe asof dit vuilgoed is. Hy roem daarop dat mense wat reg lewe uiteindelik baie gelukkig sal wees en spog daarmee dat God sy Vader is.
Laat ons sien of sy opinie waar is. Laat ons probeer uitvind wat uiteindelik met hom sal gebeur.
As die regverdige man die seun van God is, sal God hom help. God sal hom uit die hande van sy vyande red.
Laat ons hom dus op die proef stel deur hom te beledig en te treiter sodat ons kan uitvind presies hoe saggeaard hy is en ons sy geduld kan beproef.
Laat ons hom tot skandelike dood verdoem. Hy het moes self gesê dat God vir hom sal sorg.

Gevolgtrekking

Dit is baie duidelik dat Rabbynse Judaïsme se verwerping van Yeshua as Messias nie net die samestelling van die boeke van die ou verbond beïnvloed het nie, maar ook die vertaling van die Masoretiese teks beïnvloed het, sowel as hulle verklaring van sommige Skrifgedeeltes wat betrekking het op Yeshua as die Messias wat gekom het!

Hoe kan ons dan Rabbynse Judaïsme vertrou as ons leermeesters (Rabbi) soos deur talle in die Messiaanse Beweging wel aanbeveel word? Nee, ons moet gehoor gee aan Yeshua se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs, wat vandag Rabbynse Judaïsme is (Matt. 16:6, 11 en 12). Die artikel "Wie is Jou Rabbi" word aanbeveel en kan afgelaai word by die volgende skakel: **Okt15Leermeester**

Die Probleem

Die Masoretiese teks word egter meestal deur Protestante as basis gebruik om die Skrifte van die ou verbond te vertaal. Maar dit terwyl die skrywers van die Skrifte van die nuwe verbond hoofsaaklik gebruik gemaak het van die Septuagint wanneer hulle 'n teksvers uit die ou verbond aanhaal. Daarom is daar in die meeste Protestantse Skrifte dikwels verskille waar 'n bepaalde teksvers(e) deur die skrywer van die nuwe verbond aangehaal word en dieselfde teksvers dan in die ou verbond gelees word. Dit is duidelik dat hierdie kan bydra dat Skrifgedeeltes verkeerd verklaar word en dat die egtheid van die Skrifte bevraagteken word.

Voorbeeld (AOV):

In Luk. 4:18 en 19 word Jes. 61:1 en 2 aangehaal:

[4] Apokriewe Ou En Nuwe Testament deur Jan van der Watt en Francois Tolme, 2005 (ISBN 1-77000-192-1)

> *Die Gees van die HERE is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en* ***aan blindes herstel van gesig;*** *om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die HERE aan te kondig.*

In die Masoretiese teks lees Jes. 61:1 en 2 egter soos volg:

> *Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos.*

En aan blindes herstel van gesig word uit die Masoretiese teks weggelaat, terwyl dit wel in die Septuagint voorkom.

'n Verder voorbeeld is dat in die Septuagint is daar 'n Psalm 151, maar nie in die Masoretiese teks nie en dus ook nie in die meeste bekende vertalings nie.

In die artikel van Robert E. Reis: "Masoretic versus Septuagint: Guns, Lies and Forgeries" (http://majorityrights.com) word 'n lys van verskille tussen die Septuagint en Masoretiese teks gegee.

Die Vraag

Watter is die betroubaarste vertaling om te gebruik is 'n vraag wat nog baie lank gedebateer sal word. Maar dat die Masoretiese vertaling onbetroubaar is, is 'n feit en ons moet daarvan bewus wees. Die oorhoofse doel van Deel 3 is om, eerstens, die bewustheid te skep dat daar verskille is tussen verskillende vertalings en, tweedens, om die gevaar te onderstreep om Skrifverklarings op grond van een spesifieke vertaling te doen.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.

Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-